
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

## *DATUM: 9 Februarie 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Dankbaarheidsfonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorgings fonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Ow. 12, Ow. 14 & Ow. 16

**Volgende week:** Ow. 1/19 & Ow. 18

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Vergaderings

**Vandag:** Ouderlingvergadering

## Huisbesoek

**Komende week:** Ell. 05 en opvang van wyke reeds besoek

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Katkisasie

**Vandag:** Les 3

**Volgende week:** Nagmaal

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese
***(let asseblief op dat tyd verander het)***

## Ons verwelkom....



Vanaf GK Centurion

- Thomas Frederik Hermanus & Tineke Danielle van der Walt

## Lief & Leed...waarvan ons weet

- Johan Heystek (Ell. 05) is in Pretoria-oos hospitaal opgeneem met nierstene. Hy word 'n spoedige herstel toegebid.
- Daan Erasmus (Ow. 09) het Vrydag 'n gedeeltelike knie vervaning ondergaan in Pretoria. Hy word krag en sterkte toegebid.

---

## Skinkbeurte

**Sondag 9 Februarie:**
**Onverwacht 12**
Vanessa du Plessis, Loraine van der Watt, Lisa van der Watt & Loulah van der Watt.

**Onverwacht 14**
Lanie du Plessis, Magdeld du Plessis, Rina Pelser, Marita Pelser, Martie Smit & Martie Venter.

**Onverwacht 16**
Lettie Erasmus, Elane Erasmus, Elize Helberg, Alta Jordaan, Tahlita janse van Rensburg, Petronel Pelser & Nelia Smith.

**Volgende week:**
Nagmaal

---

## Verjaarsdae... vir komende week

| | | |
|---|---|---|
| 12de | Kobus van Eeden | Ow. 03 |
| 14de | Clarice Schutte | Ow. 06/07 |
| 15de | Dpl Zelda du Toit | Ow. 11 |
| | Carmen Wolfaardt | Ell. 03 |
| | Franco Wolfaardt | Ell. 03 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

---

## Vanaf die Susterbestuur

### Gemeente ete

Komende Sondag is die ons eerste gemeente ete vir die jaar en u word almal uitgenooi om na die nagmaal saam te kom kuier en heerlik te eet.

***Spyskaart***

*Hoenderpastei*
*Varkboud*

*Groenbone/komkommer met joghurt coriander sousie*
*Kerrie rys slaai*
*Tamati capri slaai met uie, mozarella, roket en balsamic sous*
*Gerasperde wortelslaai*

*Roomys met botteltjie sous*

Bring jou gesin en kom geniet saam die nagmaalete. Pensionarisse/persone bo 65 betaal R70 vir die ete. Ander volwassenes en hoërskoolleerders betaal R100, laerskool & voorskoolse leerders eet gratis.

Bring asseblief n mandjie met eetgerei en glase en u eie drinkgoed.

---

# DOPPERNAGFEES 30 Mei

Lyste vir skenkings sal komende week per whatsapp uitgestuur word, kerkkantoor kan ook gekontak word vir enige navrae. Hulp is ook baie nodig met al die reëlings asook die dag van fees. As jy en jou gesin/ vriende kans sien om 'n stalletjie te organiseer of by te help, moet nie skaam wees nie, laat weet asseblief.

---

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat dié wat op u hulp staat maak, altyddeur sê: "Die Here is groot!"

# Preekvoorligting Sondag 9 Februarie 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 84:1,2; Ps. 84:6; Ps. 86:1,3; Ps. 127:1; Ps. 71:1,2,9.

**Lees:** Hag. 1v1-15

**Teks:** Hag. 1:5

**Tema: Ons word geroep om tot eer van God in sy koninkryk te bou**

### *Die moeilike omstandighede*

Na jare wat Israel uit ballingskap teruggekeer het en die fondament van die tempel gelê is, het hulle nie met die bouwerk voorgegaan nie. Die tempel is die simbool van die Here se nabyheid in die midde van die volk, maar hulle is eerder besig om hulle eie huise op te bou en te verfraai. Hulle het uit gesien na voorspoed in die land maar daar was meer swaarkry. Deur beproewings roep die Here hulle op om selfondersoek te doen en te besin watter plek die Here en sy koninkryk in hulle lewe inneem.

### *Die roeping tot arbeid.*

Die selfondersoek waartoe hulle geroep word dien ook as aansporing tot arbeid. Hulle moet op die berg opgaan en die hout bymekaarmaak om met die bouwerk voort te gaan. Die bou van die tempel sien vooruit na die koms van Jesus as die Messias, want hy is uiteindelik God in die midde van sy volk. Die afgebreekte tempel wys op sy dood en die herboude tempel oor die oorwinning oor die dood. As kerk leef ons opnuut as lewende stene in die bouwerk van God om tot sy eer kerk te wees.

### *Die nabyheid van die Here*

Die bouwerk aan die tempel geskied nie uit eie inisiatief nie en dit word nie uitgevoer in eie krag nie. Wanneer Serubabel en Josua die bouwerk aanvoer verseker die Here deur sy profeet dat Hy met hulle sal wees. Waar hulle bou tot sy eer kan hulle seker wees dat die Here hulle nie alleen laat nie, want hulle kan seker wees dat hulle verhouding met Hom herstel is. Christus leer dat wanneer ons eers die koninkryk van die hemele soek sal al die dinge wat ons nodig het vir ons bygevoeg word.

# Preekvoorligting Sondag 9 Februarie 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 34:1,2,3; Ps. 130:1,2; Ps. 130:3,4.

**Lees:** Gal 3:1-14; Son 4

**Teks:** Son 4

**Tema:** **God oordeel die ongeregtigheid omdat Hy die regverdige is.**

### *Die regverdige eis van God.*

Deel van die mens se ellende is dat ons altyd die blaam vir ons eie foute na ander wil skuif. In Son 3 het ons gevra of God ons dan nie so geskape het dat ons in sonde geval het nie. Nee, Hy het ons goed geskape. Nou gaan ons nog verder. Is Hy dan die onregverdig as Hy van ons iets eis waartoe ons nie in staat is nie. Die feit is dat die mens aan die begin goed geskape is en daarom tot die goeie in staat is. Om hierdie rede is dit nie onregverdig van die Here om die goeie van die mens te eis nie. God is nie die oorsaak van die geweldige oordeel waarin die mens homself gedompel het nie.

### *Die regverdige straf van God.*

Op grond van die feit dat die Here nie van die mens eis wat hy nie kan doen nie openbaar God sy regverdige oordeel oor die sondegevalle mens. Die sondeval van die mens is so groot en die opstand teen God so geweldig dat God in sy geregtigheid ons met sy oordeel moet straf. Die regverdige oordeel van die Here spruit voort uit sy geweldige toorn oor die ongehoorsaamheid van die mens. So geweldig is sy toorn dat Hy die mens na die liggaam en siel in die tyd en die ewigheid met die ewige dood wil straf. Hy is regverdig in sy oordeel.

### *Die regverdige liefde van God.*

Alhoewel ons by die aanhoor van hierdie realiteit moet sidder is dit wonderbaarlik dat hier reeds al flikkerings van hoop deurskemer. God is regverdig maar Hy is ook barmhartig. Te midde van sy barmhartigheid sien hy nie net die sonde oor nie, maar hy oordeel dit in geregtigheid. Hierdie regverdige oordeel en regverdige liefde van die Here ontmoet mekaar waar Christus aan die kruis sterf. Eerder as om die sonde ongestraf te laat straf hy dit met die bittere en smadelike dood van Christus.